

## GELYKENISSE EN BETEKENIS

J C Thom

1 Sedert die werk van Adolf Jülicher (1888) het dit standaardpraktik geword om gelykenisse met allegorieë te kontrasteer wanneer die betekenis van gelykenisse bespreek word (vgl Jermias 1972, Linnemann 1966, Via 1967, Crossan 1973, Perrin 1976, Weder 1978). Dat hierdie onderskeiding tussen gelykenis en allegorie noodsaaklik en vrugbaar was en 'n nuwe impetus aan gelykenisnavorsing gegee het, val nie te betwyfel nie- daarvan getuig onder andere die honderde publikasies oor gelykenisse die afgelope eeu (vgl Kissinger 1979). Die gevaar bestaan egter dat die grenslyn tussen gelykenis en allegorie te maklik getrek word en dat 'n mens sodoende nóg aan gelykenis, nóg aan allegorie reg laat geskied. 'n Tipiese wanopvatting wat op sodanige afgrensing gebaseer is, is die bewering dat 'n gelykenis slegs een punt van vergelyking met die "werklikheid" het, terwyl al die elemente van 'n allegorie 'n korresponderende "dieper" betekenis het (Linnemann 1966: 7,23; Weder 1978: 69 e.v). Soos Crossan (1973: 9) tereg opmerk, is hierdie voorstelling, wat gelykenisse betref, eenvoudig onjuis. Daar is talke gelykenisse met meer as een punt van vergelyking. Trouens, soos wat uit die verdere bespreking sal blyk, dit is een van die voorwaardes vir die suksesvolle funksionering van 'n gelykenis *as gelykenis* dat daar 'n meervoudige korrespondensie tussen gelykenis en werklikheid is. 'n Tweede wanopvatting lui dat 'n gelykenis 'n sinvolle verhaal vertel op die letterlike vlak onafhanklik van die interpretasie wat daaraan geheg word, maar dat 'n allegorie slegs sin maak in terme van sy dieperliggende betekenis. Hierdie bewering geld egter slegs vir 'n beperkte aantal naïewe allegorieë maar gaan nie op wanneer ook meer gesofistikeerde allegorieë in aanmerking geneem word nie (Collins 1974; Frye 1957: 89 e.v).

In stede daarvan om uit te gaan van bepaalde uitsprake oor die verhouding tussen gelykenis en allegorie, wil ek in hierdie studie meer deduktief te werk gaan: as vertrekpunt neem ek die algemeen-teoretiese model van die betekenisstruktuur van simboliese tekste soos geformuleer deur Jürgen Link (Link 1975, 1978). Hierdie model is van toepassing op gelykenisse en allegorieë, sowel as op verwante tekssoorte soos fabels. Aangesien ek my wil beperk tot die wyse waarop *gelykenisse* beteken, sal ek nā 'n kort uiteensetting van Link se teorie slegs die toepassingsmoont-

likhede daarvan op gelykenisse illustreer aan die hand van 'n analise van die gelykenis van die Verlore Seun (Luk 15).

2 As voorbeeld vir sy analise van die simboolstruktuur gebruik Link die embleem (Link 1975: 8 e v). Die embleem was 'n baie algemene simbool in die Middeleeue en het bestaan uit 'n prent (*pictura*) met 'n onderskrif (*subscription*). In die prent word 'n persoon of saak grafies gesimboliseer terwyl die onderskrif 'n aanduiding gee van hoe die prent geïnterpreteer moet word. Wanneer beide *pictura* en *subscription* deur die medium van taal uitgedruk word, het ons te make met 'n literêre simbool. 'n Simbool kan dus gedefinieer word as die vereniging van 'n *pictura* met 'n *scriptio*. Daar moet op gelet word dat daar pas sprake is van 'n simbool wanneer 'n *pictura* ('n prent, 'n beskrywing, 'n verhaal, ens) gekombineer word met 'n *scriptio* ('n interpretasie), al word laasgenoemde soms net deur die konteks gesuggereer. 'n Prent van twee paaie is op sigself nog nie 'n simbool nie; eers wanneer dit die onderskrif "Die Twee Weë" het, begin dit as simbool funksioneer.

'n Strukturele analise van 'n simbool wat so ontstaan bring drie tipes relasies aan die lig (Link 1975 : 18 e v). Eerstens is daar relasies immanent aan die *pictura* (P) of aan die *scriptio* (S). Dit is relasies tussen elemente van P ( $p_1, p_2, p_n$ ) of tussen elemente van S ( $s_1, s_2, \dots s_n$ ) van die tipe  $p_1, p_2$  of  $s_1, s_2$ . Hierdie relasies word sintagmatiese relasies genoem. In die embleem van die Twee Weë sou die relasie tussen die twee paaie in die prent (die een wyd, die ander nou) 'n sintagmatiese relasie verteenwoordig.

Tweedens is daar relasies tussen 'n element van P enersyds, en 'n element van S andersyds, van die tipe  $p_1, s_1, p_2, s_2$ ; ens. Die nou weg in P korrespondeer met 'n gedissiplineerde leefwyse in S, die breë weg met 'n losbandige ongedissiplineerde leefwyse. Hierdie relasie noem Link die elementafbeeldende relasie (elemente van P word afgebeeld in S).


Die derde relasie behels relasies tussen sintagmatiese relasies in P enersyds, en sintagmatiese relasies in S andersyds, van die tipe  $p_1$  staan tot  $p_3$  soos  $s_1$  tot  $s_3$ . Om weer "die Twee Weë" as voorbeeld te neem: die nou weg staan tot die breë weg soos 'n gedissiplineerde leefwyse tot 'n losbandige staan. Anders gestel: die verhouding nou weg: breë weg is gelykvormig (isomorf) aan die verhouding gedissiplineerde: losbandige leefwyse. Omdat hierdie soort relasies die basis vorm vir die ooreenkomst tussen P en S word hulle isomorfie = beeldende<sup>1)</sup> relasies genoem.

Die drie tipes kan grafies as volg voorgestel word:


#### Sintagmatiese relasies



#### Elementafbeeldende relasies



#### Isomorfiebeeldende relasies




Vir die konstituering van 'n simbool is die isomorfiebeeldende relasies van deurslaggewende belang; vir 'n simbool om as simbool te funksioneer moet minstens sommige van die sintagmatiese relasies in P korrespondeer met sintagmatiese relasies in S. Daar is dus minstens één isomorfiebeeldende relasie in 'n simbool.

By sintagmatiese relasies kan verder onderskei word tussen semantiese, logiese en pragmatiese relasies. Laasgenoemde behels relasies tussen elemente wat op grond van 'n bepaalde praxis met mekaar geassosieer kan word, soos byvoorbeeld die verband tussen "prediker" en "kerk".

Elementafbeeldende relasies val weer in twee soorte uiteen, naamlik metaforiese en representatiewe relasies. Daar is 'n metaforiese verhouding tussen 'n element van P en 'n element van S wanneer hulle een of meer betekenis-komponente (seme) in gemeen het. "God" en "vader" deel byvoorbeeld die seme "liefde" en "sorg"; dus kan "vader" as metafoor vir "God" gebruik word. Grafies sien hierdie verhouding as volg daaruit:




Waar daar 'n representatiewe relasie tussen  $p_1$  en  $s_1$  bestaan verteenwoordig  $p_1$  die meer omvattende groep ( $s_1$ ) waarvan dit 'n deel vorm. In die "Onse Vader" verteenwoordig "ons daag=likse brood" "al ons lewensbehoefte". Van hierdie verhouding kan ons die volgende grafiese voorstelling maak:



Ten slotte moet ons nog kortliks wys op die tipologie van simbole wat op hierdie strukturele analise gebaseer is. Volgens Link kan alle simbole geklassifiseer word op grond van die tipe elementafbeeldende relasie wat in die simbool domineer. Ons kry dus net metaforiese en representatiewe simbole (Link 1975: 28 e v).

3 Uit hierdie simbool-teorie kan ons voorlopig tot die volgende gevolgtrekkings in verband met die betekenisstruktuur van gelykenisse<sup>2)</sup> geraak:

- 1) Enige tekssoort wat 'n letterlike en 'n figuurlike vlak van betekenis bevat sal die betekenisstruktuur soos hierbo uiteengesit is, vertoon. Wat dit betref is daar dus nie 'n verskil tussen gelykenisse, allegorieë of fabels nie. Al drie berus op isomorfiebeeldende relasies vir die wyse waarop hulle beteken. (Hierdie feit, naamlik die noodsaaklikheid van isomorfiebeeldende relasies om 'n simbool te konstitueer, noem Link die isomorfiepostulaat.) Hieruit volg dat daar in 'n gelykenis onmoontlik nie net "een punt van vergelyking" tussen die "beeld" (P) en die "werklikheid" (S) kan wees nie. Isomorfiebeeldende relasies is gebaseer op ooreenkomste in sintagmatiese relasies tussen P en S, wat op hulle beurt minstens twee elementafbeeldende relasies (en dus twee punte van vergelyking) veronderstel. Dit sou dus meer korrek wees om te sê dat 'n gelykenis as simbool op 'n kompleks van relasies berus (waarvan 'n bepaalde isomorfiebeeldende relasie mag domineer). Hierdie kompleks kan ons as volg voorstel:



- 2) Die verskille tussen gelykenis, allegorie en fabel moet elders gesoek word as in hulle betekenisstruktuur. 'n Mens dink hier aan aspekte soos die inhoud van die *pictura* en *subscriptio* onderskeidelik (fabels het byvoorbeeld diere in die *pictura* en menslike handeling in die *subscriptio*; Link 1974:375), die tekspragmatiek van die bepaalde simbool (sy funksie en die konteks waarin dit gebruik word) en die mate waarin die *subscriptio* eksplisiet in die teks gegee word (vgl Link 1975:22). Hierdie onderskeidende kenmerke val egter buite die raamwerk van die huidige studie.
- 3) 'n *Subscriptio* is noodsaaklik vir die interpretasie van 'n simbool; 'n *pictura* alleen is haas oninterpreteerbaar. Dit beteken egter nie dat die *subscriptio* volledig in die teks gerealiseer hoef te word nie; die konteks kan ook 'n *subscriptio* verskaf. Veral in die geval van gelykenisse waar daar dikwels nie 'n eksplisiete *subscriptio* gegee word nie, is die konteks van groot belang.
- 4) Die onderskeiding tussen metaforiese en representatiewe simbole bied 'n formele basis vir die onderskeiding tussen sogenaamde outentieke gelykenisse (die meeste gelykenisse) en voorbeeldverhale soos die gelykenis van die Ryk Dwaas (vgl Crossan 1974). In outentieke gelykenisse domineer metaforiese elementafbeeldende relasies en in voorbeeldverhale representatiewe elementafbeeldende relasies.

Na hierdie paar opmerkinge kan ons voortgaan na 'n analise van die gelykenis van die Verlore Seun. My oogmerk met die analise is nie soseer nuwe insigte in *wat* die gelykenis beteken nie, as 'n uiteensetting van *hoe* die gelykenis beteken.

4 Wat onmiddellik opval by 'n lees van die gelykenis van die Verlore Seun (Lk 15:11-32), is dat dit geen eksplisiete *subscriptio* bevat nie (vgl ter kontastering die *subscriptions* van die voorafgaande twee gelykenisse (Lk 15:7,10)). 'n Mens kan egter met reg aanneem dat hierdie verhaal nie bloot ter wille van die verhaal vertel is nie, maar dat dit ook 'n simboliese betekenis het. Indien daar geen aanduiding van 'n *subscriptio* is nie, is die enigste uitweg om dit as 'n representatiewe simbool te interpreteer (Link 1975:33). (Omdat 'n metaforiese simbool op enige van 'n oneindige aantal metafore kan berus, sou dit nie met sekerheid geïnterpreteer kan word sonder 'n *subscriptio* nie.) Die *pictura* kan dan "opgeblaas" word om die *subscriptio* te verkry. In die geval van gelykenisse het ons so met 'n voorbeeldverhaal te make. Die vader se liefde en vergiffenis verteenwoordig dan miskien die wyse waarop mense in die algemeen mekaar moet aanvaar en vergewe.

Die gelykenis is egter nie 'n losstaande teks nie, maar is ingebed in 'n verhaal-konteks wat konsentries gestruktureer is: die eerste "sirkel" word gevorm deur die ander gelykenisse wat daarmee saam vertel word, die tweede deur die situasie waarin Jesus dit vertel (Lk 15:1,2), die derde deur die groter afdeling waarin hierdie gedeelte voorkom, ens. Die onmiddellike konteks wat deur die eerste twee "sirkels" gevorm word bied myns insiens wel 'n implisiete *subscriptio* vir die gelykenis.<sup>3)</sup> Hieroor egter later meer.

As eerste stap in die analise moet ons die sintagmatiese struktuur van die *pictura* bepaal. Die *pictura* as verhaal het 'n narratiewe struktuur<sup>4)</sup> en die aangewese aanpak sou dus 'n narratiewe analise wees. Ek wil my egter hier uitsluitlik bepaal by die gelykenis as simbool en wil dus nie in besonderhede 'n uiteensetting gee van die narratologie nie (vgl daarvoor Chatman 1978, Genette 1980, Prince 1982). Vanuit simboolteoretiese oogpunt is nie soseer die metode waarmee die sintagmatiese struktuur bepaal word van belang nie, as wel die feit dat hierdie struktuur die basis vorm vir die isomorfie tussen P en S (vgl Crossan 1980:96).

Die verhaalelemente, wat dus ook elemente van P uitmaak, is die karakters, die handelinge en die ruimte(s) waarin die handelinge afspeel (vgl Chatman 1978). In die gelykenis van die Verlore Seun bestaan daar tussen hierdie elemente twee stelle sintagmatiese relasies wat vir ons van belang is. Die eerste stel word gevorm deur die handelingstruktuur, die tweede deur die relasies tussen die karakters.

Die handelingstruktuur kan die maklikste uitgelig word aan die hand van die voorafgaande twee gelykenisse, die gelykenisse van die Verlore Skaap en die Verlore Muntstuk (Lk 15:3-10). Albei begin met 'n aanvangsituasie wat ons kan tipeer as 'n toestand van volkomeenheid: Die man het honderd skape, die vrou tien muntstukke. Hierop volg 'n handeling (die man en vrou verloor = die skaap en die munt raak weg) wat lei tot 'n toestand van verlies of verlorenheid. (In die geval van die vrou word slegs haar verlies beklemtoon (τὴν δραχμὴν ἣν ἀπώλεσα, die muntstuk wat ek *verloor* het", v 9), in die geval van die man sowel sý verlies as die verlorenheid van die skaap (τὸ πρόβατόν μου τὸ ἀπολωλός, "my skaap wat *verlore* was" v 6)). Hierdie toestand gee weer aanleiding tot 'n handeling (die man laat staan die ander en gaan soek; die vrou steek 'n lamp op, vee die huis uit en soek) wat uitloop op 'n herstelde situasie: Wat verlore was, is nou weer gevind. Die herstelde situasie word in beide gevalle gekenmerk deur blydschap en feesviering. Die handelingstruktuur kan as volg opgesom word:

- 1 Aanvangsituasie: toestand van volkomeenheid
- 2 Handeling - verlies/verlorenheid
- 3 Toestand van verlies/verlorenheid
- 4 Handeling - herstel
- 5 Herstelde situasie: toestand van blydschap.

Hierdie selfde handelingstruktuur vind ons ook in die gelykenis van die Verlore Seun; dāār word dit egter twee keer herhaal en wel sō dat die afloop van die eerste struktuur (die toestand van blydschap) die inset vorm vir die tweede struktuur. Die aanvangsituasie vir die jongste seun se verhaal is die toestand waar albei seuns nog by die huis is (v 11). Hierna volg 'n reeks handelinge wat uiteindelik uitloop op 'n toestand van verlies/verlorenheid. Die handelinge vergroot trapsgewys die jongste seun se verwydering van sy vaderhuis. Aanvanklik ont= trek hy net sy deel van die eiendom uit die gesamentlike besit (v 12), dan sit hy dit in kontant om (Jeremias 1972:129) en word sō meer beweeglik. Hy verkwis alles totdat hy niks meer het nie (v 13), nie eens 'n krieseltjie varkkos nie (v 16). Met sy verlies aan eiendom gaan ook 'n verlies aan vryheid gepaard. Van medegrondeienaar (v 12) word hy 'n vreemdeling (v 13), daarna 'n huurling en uiteindelik 'n varkwagter (v 15) wat nie eens seggenskap het oor die varkkos nie (v 16). Die vaderhuis en die ver land verteenwoordig dus twee uiterstes. By die vader= huis is daar vryheid en oorvloed (selfs vir die huurlinge, v 17); die ver land word gekenmerk deur losbandigheid (v 13), honger= snood (v 14), gebondenheid en vernedering (v 15), waar varke hoër geag word as huurlinge (v 16).

Die toestand van verlorenheid word opgehef deur 'n dubbele reeks handelinge wat agtereenvolgens deur die seun en die vader uitgevoer word. Die seun kom tot insig (v 17), hy neem 'n besluit (v 18,19) en voer dit uit (v 20a,21). Sy handelinge is egter op nie veel meer gerig as 'n opheffing van die fisiese verwydering tussen hom en sy vaderhuis nie. Dit is sy vader wat sy liggaamlike nood (hongersnood en naaktheid) verander in oorvloed (die vetgemaakte kalf, die beste kleed, skoene) wat hom in volle eer (die ring) en gemeenskap (die soen, die fees) herstel.

Die herstelde situasie word net soos in die voorafgaande gelykenisse gekenmerk deur blydschap en feesviering. Dit gee weer aanleiding tot die verhaal van die oudste seun. Die aanvangsituasie is dieselfde as vir die verhaal van die jongste seun (v 11). Die handeling wat uitloop op die toestand van verwydering is die oudste seun se reaksie op die nuus dat sy vader sy broer met 'n feesmaal terugverwelkom het (v 30). Die toestand van verwydering word gekenmerk deur die oudste seun se woede en sy weiering om deel te hê aan die fees (v 28). Die vader poog om die situasie te herstel (vv 28b,31 en 32), maar die verhaal vertel ons nie of die laaste moment van die handelingsstruktuur, die toestand van volkome blydschap verwesenlik is nie. Dit bly dus 'n ope moontlikheid.

Die tweede stel sintagmatiese relasies in die *pictura* van hierdie gelykenis behels die twee seuns se onderskeie verhoudings met hulle vader. Die drie se onderlinge relasies word geteken in terme van nabyheid, besit en gemeenskap. Albei die seuns definieer hulle verhouding tot die vader in terme van besit. Vir die jongste seun is die vader aanvanklik slegs 'n erflater wat aan hom 'n deel van die eiendom verskuldig is ("die eiendom wat my *toekom*, v 12). Selfs wanneer hy tot inkeer kom (v 17), is sy vader vir hom slegs iemand wat oor die middele beskik om sy huurlinge goed te versorg. Dit is sy honger, dit wil sê sy gebrek aan besit, wat hom terugdryf na sy vader. Waar hy van tevore gemeen het hy moet weggaan van sy vader om sy besit te geniet, besef hy nou dat die vader se nabyheid 'n noodsaaklike voorwaarde vir die besit is. Hy wil dus 'n nuwe kontrak sluit met sy vader: hy kan nie meer as erfgenaam aanspraak maak op die besit nie, dus wil hy dit nou doen as huurling (v 19). Ironies genoeg is dit juis die posisie wat die oudste seun al die jare teenoor sy vader ingeneem het. Sy strategie om 'n aandeel aan die besit te verkry, was juis om dit te verdien (v 29); daarom bly hy ook naby die vader. Net soos in die geval van die jongste seun loop sy strategie ook op 'n gebrek aan besit uit (vgl ὁὐδεὶς ἐδούλου αὐτῷ, "niemand wou vir hom gee nie",



v 16, en ἐμοὺ οὐδέποτε ἔδωκας, "u het nooit vir my gegee nie", (v 29). Nōg die oudste, nōg die jongste seun het 'n behoefte aan gemeenskap met die vader. Die oudste seun wil vrolik wees saam met sý vriende (μετὰ τῶν φίλων μου, v 29), die jongste het feesgevier saam met hoere (μετὰ πόρνων, v 30; vgl ook ἀσώτως, v 13). Selfs by sy inkeer is dit nie die jongste seun se ver-lange na sy vader wat hom huiستoe dryf nie, maar sy behoefte aan brood. Opsommenderwys kan 'n mens sê dat beide seuns die vader sien as 'n middel tot 'n doel: die bevrediging van hulle behoeftes.

Die vader daarenteen hou 'n hele ander siening op die vader: kind-verhouding na. Vir hom is dit 'n verhouding wat gekenmerk moet word deur gemeenskap en blydskap. Sy definisie van kindskap vind ons in vers 31: iemand wat naby die vader is en alles met hom deel. Vir die jongste seun wat moeg en gehawend tuis kom gee hy sy beste: sy beste kleeđ, sy vetgemaakte kalf. Met sy oudste seun wil hy nie net 'n bokkie nie, maar al sy besittings, deel. Wanneer die twee seuns buite die deur tussen die huurlinge wil bly (die een uit 'n skuldbesef, die ander vanweë 'n gevoel van verontregting) nooit hy hulle, smeeđ hy hulle selfs (v 28), om binne te kom om saam met hōm fees te vier.

Nā die analise van die sintagmatiese struktuur van die *pictura* moet ons die *subscriptio* bepaal. Soos reeds hierbo genoem funksioneer die konteks as implisiete *subscriptio*. Die onmiddellike konteks word deur die twee voorafgaande gelykenisse gevorm. Hierdie gelykenisse bevat wel gedeeltelik eksplisiete *subscriptioes* (v 7,10). Op grond hiervan het ons die volgende elementafbeeldende relasies in hierdie twee gelykenisse:

P	S
P <sub>1</sub> man, vrou	s <sub>1</sub> ?
P <sub>2</sub> 100 skape, 10 muntstukke	s <sub>2</sub> ?
P <sub>3</sub> 1 skaap, 1 muntstuk	s <sub>3</sub> 'n sondaar
P <sub>4</sub> 99 skape, (9 muntstukke)	s <sub>4</sub> 99 regverdiges
P <sub>5</sub> huis	s <sub>5</sub> in die hemel
P <sub>6</sub> vriende en bure	s <sub>6</sub> engele van God

Die twee ontbrekende elemente van S kan maklik ingevul word. s<sub>3</sub> en s<sub>4</sub> impliseer dat s<sub>2</sub> 'mense' moet wees, uit s<sub>5</sub> en s<sub>6</sub> lei ons af dat s<sub>1</sub> 'God' is.

Ons het verder gesien dat ons dieselfde handelingstruktuur in al

drie gelykenisse het. Op grond van hierdie isomorfie tussen die gelykenisse is dit duidelik dat die *subscriptio* van die gelykenisse van die Verlore Skaap en die Verlore Muntstuk ook op die gelykenis van die Verlore Seun van toepassing is. Die elementafbeeldende relasies vir die gelykenis van die Verlore Seun sien dus as volg daar uit:

P	S
p <sub>1</sub> vader	s <sub>1</sub> God
p <sub>2</sub> 2 seuns	s <sub>2</sub> mense
p <sub>3</sub> jongste seun	s <sub>3</sub> sondaar
p <sub>4</sub> oudste seun	s <sub>4</sub> regverdige
p <sub>5</sub> jongste seun verlaat huis, ens.	s <sub>5</sub> sondig
p <sub>6</sub> kom tot inkeer, ens.	s <sub>6</sub> bekering
p <sub>7</sub> vader herstel hom in ere	s <sub>7</sub> vergiffenis
p <sub>8</sub> feesviering, blydschap	s <sub>8</sub> blydschap
p <sub>9</sub> oudste seun: woede	s <sub>9</sub> regverdige: woede
p <sub>10</sub> vader pleit	s <sub>10</sub> ?

ens. ('n Mens kan die elementafbeeldende relasies in nog veel meer besonderhede uitwerk; bostaande is slegs 'n aanduiding.)

Hieruit blyk dat die belangrikste elementafbeeldende relasies metafories van aard is (vader, God; vertrek, sondig; terug=keer, bekering; in ere herstel, vergiffenis; ens). Ons het dus hier te make met 'n outentieke gelykenis en nie met 'n voorbeeldverhaal nie.

Dit moet egter beklemtoon word dat die identifisering van elementafbeeldende relasies as sodanig nie die doelwit van die interpretasie van 'n gelykenis is nie. Van veel meer belang is wat die sintagmatiese relasies tussen die elemente van die *pictura* vir ons wil sê oor die relasies tussen die elemente van die *subscriptio*.

Voor ek egter hierby uitkom, wil ek eers weer wys op die tweedevlak konteks vir die gelykenis van die Verlore Seun wat gevorm word deur die omstandighede waaronder Jesus die gelykenis vertel het (Lk 15:1,2). Hierdie konteks bied 'n meer spesifieke *subscriptio* vir die gelykenis: Die sondaar (s<sub>3</sub>) is nou die tolle=naar en sondaars (v 11), die regverdige (s<sub>4</sub>) die Fariseërs en skrifgeleerdes. Jesus wat die tollenaars en sondaars ontvang

en saam met hulle eet is dus verteenwoordiger van God (s<sub>j</sub>). (Op grond hiervan sou 'n mens dus kon sê dat die vader wat pleit (p<sub>10</sub>) met Jesus, wat hierdie gelykenis vertel, korrespondeer.)

Om terug te keer tot die sintagmatiese relasies in die *subscriptio*: Ek meen dat die sintagmatiese relasies in die *pictura* betreklik maklik oorgeplaas kan word na die *subscriptio* en ek gaan dit dus nie hier in besonderhede doen nie. Ek wil slegs kortliks stilstaan by die "boodskap" van die gelykenis, wat gebaseer is op die isomorfie tussen P en S. Die onmiddellike appêl van die gelykenis hang saam met die eerste stel sintagmatiese relasies in P (die handelingstruktuur): Wees saam met God bly wanneer die toestand van verwydering opgehef word! Dit bied enersyds 'n verduideliking aan die Fariseërs vir Jesus se optrede, en is andersyds 'n pleidooi om mee te doen.

Hierbenewens het die gelykenis ook 'n "tweede" boodskap, wat korrespondeer met die tweede stel sintagmatiese relasies in P. Jesus wil al sy hoorders, potensiele bekeerlinge en regverdiges, oproep tot ware kindskap, om die Vader nie net te sien as mid-del tot 'n doel (verlossing, heil vgl Bovon 1978:454) nie, maar as dié Doel. Dit is 'n implisiete waarskuwing enersyds aan die tollenaars en sondaars om nie voor die deur van die vader-huis op te hou nie, andersyds aan die Fariseërs en skrifgeleerdes dat hulle in hulle godsdiens nog steeds net huurlinge is. Dit teken verder vir God as 'n Vader wat nie soseer sy kinders se diens nie, as hulle liefde begeer.

5 Ons kan ons bespreking van die wyse waarop 'n gelykenis beteken, afsluit met die volgende konklusies: Die gelykenis se vermoë om te beteken is afhanklik van elementafbeeldende relasies tussen sy *pictura* en sy *subscriptio*. Hierdie relasies is nie bloot toevallig (vgl Weder 1978:70) of slegs 'n toegewing aan die luisteraar (vgl Linnemam 1966:27) nie, maar 'n wesenlike deel van sy betekenisstruktuur. 'n Gelykenis se betekenis lê egter nie in hierdie relasies as sodanig nie, maar berus op 'n isomorfie, 'n ooreenkoms, tussen strukture van relasies in die *pictura* en strukture van relasies in die *subscriptio*. Die *subscriptio* word nie eens en vir altyd vasgelê nie, maar is afhanklik van die konteks waarin die gelykenis voorkom. Die isomorfie-postulaat bied egter enersyds die moontlikheid vir 'n gelykenis om as simbool te funksioneer, en andersyds die kontrole en maatstaf vir 'n geldige interpretasie: nie enige *subscriptio* kan aan die *pictura* geheg word nie, maar slegs 'n *subscriptio* wat isomorf is daaraan.

## N O T A S

- 1 In Link 1975 was die benaming isomorfiestigtende relasies, maar dit word in Link 1978 verander na die term in die teks.
- 2 Alhoewel Link sy teorie uitwerk met die oog op moderne literêre en joernalistieke tekste, verwys hy wel na die moontlikheid om dit op gelykenisse toe te pas (Link 1974: 375).
- 3 Ten spyte daarvan dat hierdie konteks moontlik nie oorspronklik is nie, maar die produk van die evangelis (vgl Weder 1978:170, 252 e v), is ek egter skepties oor die moontlikheid om op grond van die *pictura* alleen die oorspronklike konteks af te lei en bepaal my dus by die betekenisstruktuur van die gelykenis binne die konteks van die Evangelie. Vir die belang van die verhaal-konteks vir die betekenis van gelykenisse, sien Vorster 1982.
- 4 Link (1975:375 noem 'n gelykenis 'n "symbolische Narratio" en volgens Ricoeur is 'n gelykenis "the conjunction of a narrative form and a metaphorical process" (1975:30).

## B I B L I O G R A F I E

- Bovon, F 1978. The parable of the prodigal son. A second reading, in F Bovon and G Rouiller (eds), *Exegesis. Problems of method and exercises in reading* (Genesis 22 and Luke 15). Pittsburgh: Pickwick. (Pittsburgh Theological Monograph Series 21).
- Bovon, F and G Rouiller (eds) 1978. *Exegesis. Problems of method and exercises in reading* (Genesis 22 and Luke 15). Pittsburgh: Pickwick. (Pittsburgh Theological Monograph Series 21).
- Chatman, S 1978. *Story and discourse. Narrative structure in fiction and film*. Ithaca: Cornell University.
- Collins, J J 1974. The symbolism of transcendence in Jewish apocalyptic. *BR* 19, 5-22.
- Crossan J D 1973. *In parables. The challenge of the historical Jesus*. New York: Harper & Row.

- Crossan, J D 1974. Parable and example in the teaching of Jesus. *Semeia* 1, 63-104.
- Crossan, J D 1980. *Cliffs of fall. Paradox and polyvalence in the parables of Jesus*. New York: Seabury.
- Frye, N 1957. *Anatomy of criticism. Four essays*. Princeton: Princeton University.
- Genette, G 1980. *Narrative discourse*. Oxford: Blackwell.
- Jeremias, J 1972. *The parables of Jesus*. 3rd rev ed. London: SCM.
- Jülicher, A 1888. *Die Gleichnisreden Jesu I*. Tübingen: Mohr
- Kissinger, W S 1979. *The parables of Jesus. A history of interpretation and bibliography*. Metuchen Scarecrow. (ATLA Bibliography Series 4).
- Link, J 1974. *Literaturwissenschaftliche Grundbegriffe. Eine programmierte Einführung auf strukturalistischer Basis*. 2 Auflage. München: Fink (UTB 305).
- Link, J 1975. *Die Struktur des literarischen Symbols. Theoretische Beiträge am Beispiel der späten Lyrik Brechts*. München: Fink.
- Link, J 1978. *Die Struktur des Symbols in der Sprache des Journalismus. Zum Verhältnis literarischer und pragmatischer Symbole*. München: Fink.
- Linnemann, E 1966. *Parables of Jesus. Introduction and exposition*. London: SPCK.
- Perrin, N 1976. *Jesus and the language of the Kingdom. Symbol and metaphor in New Testament interpretation*. Philadelphia: Fortress.
- Prince, G 1982. *Narratology. The form and functioning of narrative*. Berlin: Mouton (Janua Linguarum. Series Maior 108).
- Ricoeur, P 1975. Biblical hermeneutics. *Semeia* 4, 29-148.
- Via, D O Jr 1967. *The parables. Their literary and existential dimension*. Philadelphia Fortress.

- Vorster, W S 1982. *Meaning and reference. The parables of Jesus in Mark 4.* Referaat gelewer by SNTS-kongres, Leuven.
- Weder, H 1978. *Die Gleichnisse Jesu als Metaphern. Traditionen - und redaktionsgeschichtliche Analysen und Interpretationen.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.